NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur | 100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2022

VRAAG 1 BEGROTINGS [34 punte; 41 minute]

Sihle Bhengu het Relax 'n Rent (Pty) Ltd begin, 'n Onderneming wat drukkers en fotokopieerders aan skole en ondernemings verhuur. Sihle het kliënte gewerf en kon dus van 1 November 2021, die begin van sy finansiële jaar, begin om 'n inkomste te verdien.

Relax 'n Rent het al die drukkers en fotokopieerders (R1 350 000) vir hierdie kliënte op 30 Oktober 2021 op krediet gekoop by Copy Ink Ltd. Copy Ink Ltd het ingestem om enkelvoudige rente van 8% p.j. vir vier jaar op die volle bedrag te hef (R432 000 rente in total oor vier jaar). Relax 'n Rent sal dan die totale bedrag in gelyke paaiemente oor 4 jaar afbetaal. 'n Debietorder vir hierdie bedrag word elke maand van Relax 'n Rent se bankrekening afgetrek.

Elke kliënt betaal huur per masjien en dan betaal hulle ook 'n koste per bladsy wat gedruk of gefotokopieer word.

Sihle kontrakteer tegnici om na die ondernemings toe te gaan om die masjiene te herstel wanneer nodig of om die ink of inkpoeier te vervang.

Sihle het geen kapitaal in Relax 'n Rent inbetaal nie.

INLIGTING A:

Relax 'n Rent
Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 31 Oktober 2022

Bedryfsinkomste	1 891 200
Masjienhuurinkomste	1 080 000
Inkomste per bladsy	811 200
Bedryfsuitgawes	(1 177 200)
Tegnikuskoste	45 600
Ink en inkpoeier	132 000
Waardevermindering	270 000
Water en elektrisiteit	21 360
Salaris: Sihle Bhengu	600 000
Salaris: Mev. Bhengu	82 800
Telefoonkoste en Wi-Fi	21 240
Kantoorvoorraad	4 200
Bedryfswins	714 000
Rente-uitgawe	(108 000)
Wins voor belasting	606 000
Belasting	(169 680)
Netto wins vir die jaar	436 320

Bykomende inligting

1. Al die ink en inkpoeier word op krediet by Ink Solution gekoop. Die bedrag waarvoor gekoop word, wissel van maand tot maand. Ink Solution word soos volg terugbetaal:
   - 60% word in die maand na die aankoop betaal om 'n 5%-korting te ontvang.

IEB Copyright © 2022

- 25% word twee maande na die aankoop betaal om 'n 2%-korting te ontvang.
- 15% word in die derde maand na die aankoop betaal.

2. Relax 'n Rent het nog drie kliënte gekry wat ingestem het om sy dienste van 1 November 2022 te gebruik. Die potensiële impak hiervan is soos volg:
   - Sihle verwag dat die November 2022-tegnikuskoste 60% hoër as die gemiddelde maandelikse tegnikuskoste in die vorige finansiële jaar sal wees.
   - Sihle neem aan dat hy dieselfde bepalings en voorwaardes by Copy Ink Ltd sal kan kry vir die nuwe toerusting wat hy moet koop. Sy plan is om dit op 1 November 2022 te koop en sy eerste betaling sal aan die einde van daardie maand wees.

3. Sihle bedryf Relax 'n Rent uit sy huis. Hy het uitgewerk dat sy huis ongeveer 160 m^2 is. Hiervan gebruik hy ongeveer 40 m^2 vir Relax 'n Rent. Dit beteken dat hy die verhouding hierbo van sy huisuitgawes as besigheidsuitgawes kan eis om sodoende sy belasting te verminder. Hy verwag dat die water-en-elektrisiteit-rekening vir die totale huis in November ongeveer R7 340 sal wees.

4. Sihle gee sy vrou elke maand R6 900 om kos te koop. Sy werk nie vir die onderneming nie, maar Sihle teken hierdie geld as 'n salaris vir haar op sodat die onderneming vir hul kos betaal.

   In Oktober het sy slegs tweederdes van haar salaris geneem. Sy sal die ander derde saam met haar November-salaris neem.

5. Sihle het besluit om die volgende in November aan 'n sukkelende skool te skenk:
   - R14 000 kontant
   - R500 kantoorvoorraad

6. Relax 'n Rent gebruik kantoorvoorraad van R350 per maand. Alle kantoorvoorraad word aan die einde van elke maand aangevul en kontant betaal.

Relax 'n Rent het die volgende staat van Copy Ink Ltd ontvang:

COPY INK LTD			
Aan: Relax 'n Rent			**31 Oktober 2022**
Klantnommer	10087695	Rekeningnommer	8007596504
Rekeningtipe	Afbetalingsverkoop	Beskrywing van goedere	Fotokopieerdrukkers

Begindatum	1 November 2021	
Paaiementfrekwensie	maandeliks	
Oorspronklike kapitaalbedrag	1 350 000	
Maandelikse paaiementbedrag	?	
Oorspronklike paaiemente	48	
Oorblywende paaiemente	36	
Uitstaande kapitaalsaldo	1 012 500	
Uitstaande werklike kontraksaldo (die rente ingesluit)	1 336 500	

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING [47 punte; 56 minute]

Italtile Limited is 'n kleinhandelaar en vervaardiger van teëls, badkamerware en verwante produkte. Hulle het 'n omvattende eiendomsportefeulje en het ook 'n beherende aandeel in:

- 'n invoerder en verspreider van kopergoed en toebehore,
- 'n invoerder van storthokkies, lamelbord, kaste, sanitêre ware, dekor en teëlgereedskap,
- 'n sleutelvervaardiger van teëls en sanitêre ware, en
- 'n vervaardiger van kleefmiddel (gom) en verwante produkte.

Die Groep se verspreidingsentrum verkry ingevoerde produkte en verskaf pakhuise en verspreidingsfasiliteite aan die kleinhandel-handelsmerke.

Aangepas uit die **JAARVERSLAG VIR ITALTILE LIMITED**

Sewejaaroorsig vir die jaar geëindig 30 Junie

	2021 Rm	2020 Rm	2019 Rm	2018 Rm	2017 Rm	2016 Rm	2015 Rm
Omset	**9 135**	6 690	6 975	6 064	3 670	3 539	3 115
Koste van verkope	**(5 106)**	(4 145)	(4 361)	(3 736)	(2 182)	(2 117)	(1 911)
Bruto wins	**4 029**	2 545	2 614	2 328	1 488	1 422	1 204
Bedryfswins	**2 554**	1 502	1 797	1 518	1 063	1 047	905
Wins voor 28% belasting	**2 555**	1 457	1 819	1 575	1 190	1 166	978
Winsgrens	**79%**	61%	60%	62%	68%	67%	63%
Kontantvloei uit/benut vir:							
• bedryfsaktiwiteite	**1 397**	255	674	979	609	306	443
• beleggingsaktiwiteite	**(947)**	(594)	(593)	(2 200)	(379)	(358)	(175)
• finansieringsaktiwiteite	**1 081**	860	1201	679	511	347	392

State van Finansiële Posisie

BATES	**2021 Rm**	**2020 Rm**
Niebedryfsbates	5 483	?
Eiendom, masjinerie en toerusting	4 866	4 359
Ander niebedryfsbates	617	?
Bedryfsbates	3 124	**B**
Voorraad	1 164	897
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	879	**C**
Kontant en kontantekwivalente	1 081	860
Totale bates	8 607	?
EKWITEIT EN LASTE		
Ekwiteit	6 713	5 630
Niebedryfslaste	526	**D**
Bedryfslaste	1 368	**A**
Totale ekwiteit en laste	8 607	?

IEB Copyright © 2022

Finansiële verhoudings

	2021	2020	2019
Opbrengs op aandeelhouersbelang	?	17,6%	23,0%
Verdienste per aandeel	141 sent	78 sent	103 sent
Dividende per aandeel	106 sent	56 sent	91 sent
Netto batewaarde	522 sent	433 sent	480 sent
Sluitingsaandeleprys op jaareinde	1 667 sent	1 150 sent	1 480 sent
Skuld:ekwiteit-verhouding	0,08 : 1	0,2 : 1	0,16 : 1
Bedryfsverhouding	2,28 : 1	3,35 : 1	4,6 : 1
Vuurproefverhouding	1,43 : 1	2,2 : 1	3,3 : 1
Debiteure-invorderingstydperk	32 dae	34 dae	44 dae
Voorraadomsetsnelheid	?	3,9 keer	5,1 keer

Uittreksel uit die ouditeursverslag

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, voldoende en toepaslik is om 'n basis vir ons mening te vorm.

Korporatiewe bestuur

Programme wat werknemers help om hul finansies te bestuur is deur Italtile se werknemerwelstandsprogram beskikbaar. Werknemers het toegang tot gekwalifiseerde finansiële konsultante wat hulle met begroting, spaargeld, beleggings, skuldberading, testamente en boedelbeplanning, huislenings, versekering, persoonlike belasting en voertuigfinansiering kan help.

VRAAG 3 VERSOENINGS [19 punte; 23 minute]

Dazzling Designs is 'n onderneming wat winkelsentrums en winkels vir al die groot geleenthede soos Valentynsdag, Paasfees en Kersfees versier. Hulle kan ook spesiale geleenthede soos partytjies en matriekafskeide doen. Dit word deur Jemma besit.

Hul korporatiewe kliënte (winkels en winkelsentrums) word rekeninge by hulle toegelaat, terwyl die ander kliënte die helfte dadelik moet betaal en die helfte wanneer Dazzling Designs hul versierings na die geleentheid gaan haal.

Inligting om Vraag 3.2 te beantwoord

Hier is die Debiteure-ouderdomsontleding wat op 31 Oktober 2022 opgestel is.

120+ dae	90 dae	60 dae	30 dae	Huidig
16 000	3 500	89 400	120 350	92 680

Nadat state aan die debiteure gestuur is, is die volgende foute ontdek:

1. Jemma het na die skuld van 120+ dae gekyk en ontdek dat die R16 000 sedert Desember 2021 uitstaande is. 'n Kersvaderslee is in MegaSpend Mall deur kinders beskadig en die sentrum het geweier om te betaal om die slee te vervang. Hulle het gesê dit was Dazzling Designs se risiko en Dazzling Designs het gesê dit was die sentrum se verantwoordelikheid. Dazzling Designs het besluit om die skuld af te skryf.

2. Dazzling Designs het in Augustus 'n spesiale aanbod gehad om winkels vir internasionale koffiedag op 1 September te versier. Hulle het 'n 20%-korting toegestaan indien hulle in September betaal is. Coffee Break het hulle geskakel om te sê dat hulle op 27 September R29 280 betaal het om hul faktuur (gedateer 5 Augustus) te vereffen, maar dat hulle nie die korting ontvang het nie.

3. Beachside Mall het op 29 Oktober bewys van hul **betaling van R20 000** gestuur. Dit is nie opgeteken nie en was 'n gedeeltelike betaling van die volgende fakture:
   - 10 Oktober vir R18 700
   - 31 Augustus vir R12 800
   - 15 Julie vir R2 300

4. 'n Faktuur vir R25 300 gedateer 2 Oktober is uit die Debiteure-ouderdomsontleding weggelaat.

5. 'n Kredietnota vir R13 000 gedateer 3 Oktober is uit die Debiteure-ouderdomsontleding weggelaat. The Elves Gift Shop het versierings vir R45 000 bestel om te verkoop en die versierings en faktuur op 29 September ontvang. Die faktuur het 20 Kersvaderhorlosies ingesluit wat The Elves Gift Shop nie bestel het nie. Dit is op 3 Oktober met 'n debietnota teruggestuur.

IEB Copyright © 2022

Inligting om Vraag 3.5 te beantwoord

Dazzling Designs het die volgende staat van een van hul krediteure, Authentic Wood, ontvang:

Authentic Wood

Dazzling Designs
Pakhuis 5
Noordpoolweg

Staatno.: DD39

Datum: 31 Oktober 2022

Datum		Transaksies	Debiet	Krediet	Saldo
2022 Julie	25	Faktuur D42	38 700		38 700
Aug	1	Kredietnota 08		8 200	30 500
	30	EFO		25 000	5 500
		Korting toegestaan		1 000	4 500
Sept	3	Faktuur D49	42 100		46 600
	7	Faktuur D53	15 960		62 560
Okt	1	Rente	270		62 830
	22	Faktuur D65	43 980		106 810

Bepalings:

- Korting toegestaan op betalings binne 30 dae van staat.
- Rente gehef teen 6% per maand na 30 dae.

KREDITEUREGROOTBOEK VAN DAZZLING DESIGNS

AUTHENTIC WOOD **K1**

Datum		Besonderhede/Dokument	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
Julie	25	Faktuur D42	KJ		38 700	38 700
Aug	1	Debietnota 16	KAJ	8 500		30 200
	27	EFO	KBJ	25 000		5 200
Sept	3	Faktuur D49	KJ		42 100	47 300
Okt	22	Faktuur D65	KJ		43 980	91 280
	30	EFO	KBJ	47 300		43 980

Bykomende inligting

- Kredietnota 08 is verkeerd opgeteken in die staat van Authentic Wood.
- Dazzling Designs het nie die korting opgeteken waarop hulle geregtig was toe hulle op 27 Augustus betaal het nie.
- Faktuur D53 is aan Ditzy Design uitgereik.
- Die rente op 1 Oktober moet met R18 verminder word vanweë die fout met die kredietnota.
- Die EFO op 30 Oktober word nog nie op Authentic Wood se bankstaat weerspieël nie.

IEB Copyright © 2022